

DISSIPELSKAP. LES 5

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute) <i>[KENMERK VAN GOD]</i> GOD IS 'N LEWENDE PERSOON
---	--

Definisie

Lees voor. Aanbidding is:

- 'n *houding* van ontsag, bewondering, oorgawe en toewyding aan God,
- *uitgedruk* in verskillende vorme van gebed en die daaglikse lewe (jou leefstyl).

Om God te aanbid, moet jy “die God van die Bybel” leer ken.

Daarom staan ons by elke aanbidding stil by één kenmerk (eienskap) van God waarvoor ons Hom aanbid.

Tema: God is 'n Lewende Persoon.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

1. Die aard van afgode.

Lees Psalm 115:2-8.

(1) Die aard van afgode.

Party mense maak afgode vir hulleself wat eenders lyk as mense. Alhoewel die afgode oë het, kan hulle nie sien nie en alhoewel hulle ore het, kan hulle nie hoor nie. Hierdie dooie klip of hout afgode kan nie praat of optree nie. Ander mense skep weer met hulle filosofiese of godsdienstige gedagtes hulle eie idee van hoe en wat die een en enigste God moet wees. MAAR, *elke 'god' wat die mens skep, ongeag of hy politeïsties of monoteïsties is, het nie werklik lewe nie!*

(2) Die invloed van afgode.

Die aanbidding van 'n mensgemaakte afgod of 'n god wat die mens self uitgedink het is absoluut nutteloos. Só 'n god of afgod reageer nooit nie. Nog erger: die Bybel waarsku dat mense wat sulke afgode maak of so 'n god uitdink met sy gedagtes, gevoelens, skeppende kuns en ambisies, self sal word soos daardie afgode of god. Psalm 115:8 sê, “Wie hulle maak ..., sal net soos hulle word!” Mense wat so 'n mensgemaakte afgod of self uitgedinkte god aanbid, sal soos hulle afgod of god word. Mense wat die geldgod, Mammon, aanbid, word materialisties. Mense wat die seksgodin Venus aanbid, word seksueel immoreel. Mense wat die oorlogsgod, Mars, aanbid raak betrokke in heilige oorloë.

Net so reflekteer (weerspieël) elke persoon se karakter en gedrag die god wat hy aanbid! Die wraaklustige terroris aanbid 'n wraaklustige god. Die persoon wat ander mense onderdruk en vervolg, aanbid 'n god wat mense deurentyd onderdruk en vervolg. 'n Onversoenlike, bitter persoon aanbid 'n god wat nie vergewe nie en nie kán vergewe nie.

(3) 'n Bybelse beginsel.

Dieselfde gebeur ook by mense wat die Lewende God van die Bybel aanbid. Hulle word meer en meer soos die Lewende God van die Bybel! Aanbidding verander ons betreffende wie ons is en hoe ons is! Dus, as ons die heilige en regverdige God aanbid, sal ons meer en meer heilig en regverdig word! As ons die liefdevolle en genadige God aanbid, sal ons meer en meer liefdevol en genadig word!

2. Die aard (natuur) van die Lewende God van die Bybel.

Lees Eksodus 3:1-12.

(1) God is 'n Lewende Persoon met persoonlike funksies.

- God is nie 'n onpersoonlike krag nie, maar 'n Lewende Persoon. Hy léwe!
- God openbaar Homself sigbaar in die vuurvlamme en in die Engel van die Here.
- God praat duidelik en verstaanbaar met ons. Daarom kan ons weet wat God sê. Ons kan God se gedagtes, gevoelens, begeertes en wil ken in soverre Hy kies om dit aan ons te openbaar.
- God sien alles. Hy sien nie net wat ons doen (die sigbare dinge) nie, maar ook die onsigbare dinge. Hy sien ons ellende en pyn en innerlike lewe.
- God hoor alles. God hoor ons gesprekke, ons fluistering en ook ons noodkrete vir hulp en ons gebede.

- God het 'n hart wat gevoelens het. Hy is besorg oor ons lyding en ons welstand. Die Bybel sê dat God sy mense liefhet en dat Hy sy heilige toorn vir diegene wys wat Hom teenstaan. God kry hartseer oor onregverdig gedrag en verbly hom oor regverdig gedrag.
- God tree op as Persoon in ons belang deur af te kom na die aarde om ons te kom verlos.
- Verder betrek God ons deur vir ons 'n betekenisvolle taak te gee, nes Hy vir Moses gegee het.
- En God stuur ons nie alleen op pad nie, maar gaan saam met ons om die taak uit te voer, net soos Hy saam met Moses gegaan het om sý taak te gaan uitvoer.

(2) God is 'n Lewende Persoon wat die mens as sy beeld geskep het.

Die Een en Enigste God wat Homself in die Bybel geopenbaar het, is nie 'n uitvindsel van die mens se gedagtes nie. God het persoonlike funksies as praat, sien, hoor, voel, redeneer, wil en handel, nie net omdat ons mense daardie funksies het nie. God is nie 'n projeksie van die mens se verstand nie. Hy is nie 'n god wat volgens menslike idees geskep is nie. Veelmeer, God is in sy aard (wese, natuur) 'n Lewende Persoon. Sy hele wese is persoonlik.

Dis nie mense wat God na *hulle* beeld geskep het nie, maar God wat die mens na *sy* beeld geskep het! As 'n Persoon, het God persone geskep. Mense is 'persone' omdat hulle na God se beeld geskep is. Ons mense kan praat, omdat God praat. Ons sien, omdat God sien. Ons dink rationeel, omdat God rationeel dink. Ons maak keuses en beslissings, omdat God keuses en beslissings maak, ens. Omdat God lewe, het ons mense dieselfde persoonlike funksies. Desnieteenstaande is ons persoonlike funksies baie meer beperk as wat God se funksies is.

(3) God is 'n Lewende Persoon wat met die mense in verbinding tree.

Aangesien God én die mense 'lewend persone' is, kan God en die mense aansluiting vind by mekaar en kan hulle gemeenskap met mekaar hê! As 'persone' kan God en ons mekaar ken, met mekaar praat en mekaar verstaan, met mekaar meegevoel hê, met mekaar gemeenskap hê en met mekaar saamwerk. As God net 'n onpersoonlike krag was, sou 'n persoonlike en vertroulike verhouding tussen God en die mens nie moontlik gewees het nie. Omdat God 'n Lewende Persoon is, is so 'n persoonlike en vertroulike verhouding nie net moontlik nie, maar gebeur in werklikheid!

Aanbidding.

Laat elkeen in die groep met een of twee sinne God as 'n Lewende Persoon aanbid.

3	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] MATTEUS 15:1 – 18:2
---	------------------	------------------------------------

Maak beurte en deel kortliks (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Matteus 15:1 – 18:20). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (70 minute)	[BYBEL] SEWE MANIERE OM DIE BYBEL TE GEBRUIK
---	----------------------	---

A. MOTIVERING. HOEKOM CHRISTENE DIE BYBEL GEBRUIK.

1. Die voorbeeld van die Here Jesus.

(1) Sy siening van die Bybel.

Jesus het die Bybel beskou as die *geïnspireerde* Woord van God. Die skrywers het die Bybelboeke onder die inspirasie van die Heilige Gees geskryf (Matteus 22:43). Hy het die Bybel beskou as die *gesaghebbende* Woord van God. Hy het dit aangehaal as God se finale woord in elke situasie (Matteus 4:1-10). Hy het mense wat die Bybel hoor en gehoorsaam as *geseënd* beskou (Lukas 11:28; Openbaring 1:3).

(2) Jesus Christus Self is die Een wat die Bybel geïnspireer het en Hyself is die Inhoud van die Bybel.

Lees 1 Petrus 1:10-12; Openbaring 19:10.

Aantekeninge. Die juiste vertaling van Openbaring 19:10 is: “Die getuienis van Jesus is naamlik die gees (essensie, wese, die werklike betekenis) van profesie (van die verkondiging)” (vgl. die Nederlandse en Engelse Bybelvertalings). ‘Die getuienis van Jesus’ beteken dat Jesus *die Bron van inspirasie* en *tegelyk die geïnspireerde inhoud van die Bybel* is! Hy is die Bron van inspirasie van die profete van die Ou-Testamentiese periode en die bron van inspirasie van die apostels van die Nuwe-Testamentiese periode. Die apostel Petrus het gesê dat die Gees van Jesus Christus die profete van die Ou-Testamentiese periode geïnspireer het om die Ou Testament te skryf (1 Petrus 1:10-12). En Jesus Christus het gesê dat die Heilige Gees die apostels van die Nuwe Testament periode geïnspireer het om die Nuwe Testament te skryf (Johannes 16:13-15). ‘Die gees’ of ware betekenis van die verkondiging (profesie) is dít wat die Gees van Jesus Christus in die Ou Testament geleer en gedoen het en wat Jesus Christus in die Nuwe Testament geleer en gedoen het (Matteus 5:17; Johannes 3:11-13; Johannes 5:39; Johannes 8:18-19,24,31-32,51,58)! Anders gestel: *die genadegawe*

(Grieks: *charisma*) van profesie is om te verkondig wat Jesus Christus van Homself geopenbaar het, sy woorde en sy dade wat in die Bybel opgeteken staan.¹

(3) hoe het Jesus God se Woord gebruik?

Lees Lukas 2:46-47.

Aantekeninge. In sy menslike natuur het Jesus op 'n vroeë ouderdom die Woord van God begin bestudeer. Hy het geleer deur te *luister*, deur *vrae te vra* en die Woord van God met ander mense te *bespreek*. God se Woord was op daardie stadium geskryf op rolle van papiirus of leer. Jesus het God se Woord besonder baie gebruik. Hy het God se Woord op sy persoonlike lewe *toegepas* (Lukas 4:21, 24:25-27, 44-45). Hy het God se Woord *aangehaal* teen sy vyand, die duivel (Matteus 4:4,7,10). Hy het God se Woord gebruik om die waarheid te *onderrig* (Matteus 5:21-22,27,31-34,38-39,43-44), om *vrae te antwoord* (Matteus 19:3-6), om *valse leerstellings te weerlê* (Matteus 22:41-46), om die *skynheilige lewe* van mense *bloot te lê* (Markus 7:5-9) en om te *profeteer* (Matteus 26:31).

(4) Wat het mense en Jesus Self van sy onderrig gesê?

Lees Johannes 7:14-18.

Aantekeninge. Alhoewel Jesus geen teologiese opleiding by een van die rabbynse skole ontvang het nie, het Hy God se Woord baie goed geken. Die lering en onderrig van Jesus Christus het gekom van die Een en Enigste Ware en Lewende God, wat Hom gestuur het. Jesus het daarop aanspraak gemaak dat Hy die waarheid sonder enige valsheid praat.

(5) Hoe het Jesus die persoonlike oortuigings van ander mense ontwikkel?

Lees Lukas 10:25-28.

Aantekeninge. Jesus het vrae met teenvrae beantwoord – die ‘ping-pong’ beginsel. Sodoende moes mense self die waarheid in die Bybel ontdek. Die waarheid in die Bybel, wat mense vir hulleself ontdek, het hulle persoonlike oortuigings geword. In plaas daarvan om die vrae van mense te beantwoord, gee vir hulle die Bybelverwysing en laat hulle dit lees en die waarheid in die Bybel vir hulleself ontdek.

2. Die voorbeeld van die apostel Paulus.

(1) Sy siening van die Bybel.

Die apostel Paulus het die Bybel beskou as die geïnspireerde Woord van God. Elke woord van die Bybel is geïnspireer deur die Heilige Gees (2 Timoteus 3:16-17). Hy het die Bybel gesien as die gesaghebbende Woord van God. Hy het dit aangehaal as God se finale woord oor elke ding (Handelinge 13:34-35). Die apostel Petrus het gesê dat God sy wysheid vir Paulus gegee het om sy twaalf briewe te skryf (2 Petrus 3:15-16).

(2) Hoe het Paulus die Bybel in 'n kleingroep geleer?

Lees Handelinge 17:2-4.

Aantekeninge. Paulus se gewoonte was om 'n groep mense bymekaar te maak wat God se Woord wou bestudeer het. Elke week het die groep bymekaar gekom, en Paulus het dan met hulle uit die Bybel geredeneer. Die woord vir ‘redeneer’ (Grieks: *dialogomai*, vgl. dialoog) beteken letterlik om die waarhede van die Bybel ‘te oordink’ in jou gedagtes en om dan dit met ander mense in 'n groep te ‘bespreek’. Dit beteken nie om oor ‘die Bybel te argumenteer’ nie. Tydens hierdie besprekings van die Bybel, het Paulus as groepleier van die groep ook sekere waarhede uit die Bybel uitgelê. Die woord ‘uitgelê’ beteken letterlik ‘om die Bybel heeltemal oop te maak’, m.a.w., om die betekenis van moeilike gedeeltes van die Bybel te verduidelik. Hy het ook *uit die Bybel aangetoon* dat Jesus moes sterwe en weer uit die dood opstaan. Hy kon dus bewys dat wat hy leer, duidelik in die Bybel geskryf staan. Paulus se doel om die Bybel in 'n klein groep te bestudeer was om die mense ‘te oortuig’ om die waarheid wat in die Bybel geskryf is, te glo. In Efese het Paulus vir twee jaar lank elke dag sulke besprekings van die Bybel gehou (Handelinge 19:8-10)!

(3) Wat was Paulus se doel met die onderrig en prediking?

Lees Handelinge 20:20, 27, 30-31.

Aantekeninge. Paulus se doel was om die *heilsplan van God, d.w.s. die hele wil van God in die Bybel (vers 27)*, vir die mense te leer, asook *enigiets wat vir hulle voordelig kon wees (vers 20)*. Aan die eenkant het hy hulle elke belangrike lering en gebruik in die Bybel geleer, en aan die anderkant het hy hulle nie dinge geleer wat nie opbou nie. Paulus het die Christene *gewaarsku* dat hulle hul nie moet besighou met onsinnige argumente of vals leerstellings nie (1 Timoteus 1:3-7).

(4) Wat was Paulus se reël in al sy prediking en onderrig?

Lees 1 Korintiërs 4:6.

Aantekeninge. “Hou jou binne die perke wat God gestel het.” NIV: “Do not go beyond what is written (in the Bible)!” Paulus se reël in al sy prediking en onderrig was om nooit verder te gaan as wat daar in die Bybel geskryf is nie! Neem kennis van Jesus Christus se waarskuwing in Openbaring 22:18-19: “As iemand iets *hieraan byvoeg*, sal God vir hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek *wegneem*, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek

¹ Woordeboek: Bauer, Arndt, Gingrich p.730. ‘Bybelse profesie’ is daarom nie om willekeurige voorspellings oor ander mense te maak nie, maar om Jesus Christus en Hom as die gekruisigde te verkondig (1 Korintiërs 2:2; vgl.4:6)!

geskrywe is.”

3. Die voorbeeld van die mense van Berea.

Hoe het die mense van Berea die Woord van God, die Bybel, beskou?

Lees Handeling 17:10-12.

Aantekeninge. Die mense van Berea het na die onderrig uit die Bybel geluister en dit met die regte gesindheid en gretigheid aanvaar. Hulle het elke dag die Bybel ondersoek om die waarheid self te ontdek en om te sien of die predikers en die leraars van die Bybel die waarheid korrek oorgedra het. Hulle wou hulle eie *oortuigings* omtrent wat God se Woord sê, ontwikkel. Die woord ‘*ondersoek*’ (Grieks: *anakinó*) beteken letterlik om die waarheid te ondersoek deur vrae te stel en deur die waarheid te beoordeel. Dit beteken om sorgvuldig en presies na te vors soos in ’n regprose. Die manier om ’n persoonlike oortuiging te ontwikkel en te formuleer, is om self die waarheid in die Bybel te ondersoek. Die beste manier is om dit saam met ander Christene in ’n dissipelgroep te doen.

4. Die voorbeeld van die Skrifgeleerde, Esra.

Hoe het Esra God se Woord, die Bybel gebruik?

Lees Esra 7:10.

Aantekeninge. NIV: “Ezra had devoted himself to the *study* and *observance* of the Law of the LORD, and to *teaching* its decrees and laws in Israel”. Esra was ’n wonderlike onderwyser van die Bybel. Hy was toegewy aan drie dinge: eerstens, om die Bybel te *bestudeer*; tweedens, om die waarheid van die Bybel *toe te pas*; derdens, om die waarhede van die Bybel aan andere *te onderrig*. Dis ’n goeie voorbeeld vir al die studente en groepleiers (leraars) van die Bybel. Jy moet eers die waarheid in die Bybel bestudeer en in jou eie lewe toepas, *voordat jy dit vir ander leer* (vergelyk Matteus 23:2)!

5. Die voorbeeld van die militêre leiers Josua en koning Dawid.

Wat het God belowe en wat het sy mense ervaar?

Lees Josua 1:7-9; Psalm 1:1-3.

Aantekeninge. “*Oordink* dit (die wetboek) dag en nag en sorg dat jy alles *uitvoer* wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees” (Josua 1:8). God het Josua, die militêre leier, beveel om gereeld oor God se Woord, die Bybel, *na te dink* om nougeset alles wat daarin geskryf is te kan doen. God het belowe dat hy sal ervaar dat hy suksesvol in God se oë is. Koning Dawid het ervaar dat wanneer hy die woord van God dag en nag *oordink*, hy hom weghou van slegte mense en sy lewe vrugbaar maak. Oordenking en toepassing van die Bybel sal ’n groot invloed op jou lewe hê en ’n groot beloning bring. Jy sal slaag in wat jy moet doen en jy sal voorspoedig wees. Jy sal die lewe verstaan, wys kan optree en jou lewe sal aantreklik en vrugbaar wees.

6. Die 5 beginsels van Bybelstudie.

Die bogenoemde gedeeltes van die Bybel leer ons ’n paar belangrike beginsels met betrekking tot Bybelstudie.


(1) Kleingroep. Vorm ’n kleingroep wat graag saam, verkieslik elke week, die Bybel sal wil bestudeer.

(2) Neem feite waar. Soek die waarheid deur die feite te ondersoek, spesifiek die totale wil van God en alles wat nog verder kan help.

(3) Interpreteer die waarhede. Vra vrae en luister na mekaar se standpunte. Bespreek die waarhede in die gedeelte. Verduidelik die moeilike woorde en gedagtes. Bewys elke punt wat jy maak uit die Bybel. Verduidelik die Bybel korrek, verkieslik deur gebruik te maak van ander Bybelgedeeltes.

(4) Pas die waarhede toe. Dink na oor wat God wil hê dat jy moet *weet, glo, wees en doen*. Oefen dan die waarheid wat God wil hê dat jy moet beoefen.

(5) Formuleer die waarhede. Formuleer die hoofwaarhede as jou eie oortuigings, gevolgtrekkings en toepassings.



B. ILLUSTRASIE. DIE CHRISTEN SE VERANTWOORDELIKHEID MET BETREKKING TOT DIE BYBEL



1. Hoor die Bybel.
Lees Lukas 11:28; Openbaring 2:7
2. Lees die Bybel.
Lees Deuteronomium 17:18-20; Nehemia 8:8; 1 Timoteus 4:13
3. Bestudeer die Bybel.
Lees Esra 7:10; Handeling 17:11
4. Memoriseer Bybelverse.
Lees Psalm 119:9,11
5. Mediteer oor die boodskap van die Bybel.
Lees Josua 1:8
6. Pas die boodskap van die Bybel toe.
Lees Lukas 6:46-49; Johannes 14:21
7. Onderrig ander met die boodskap van die Bybel.
Lees Kolossense 3:16; 2 Timoteus 4:2

Hoe meer jy die Bybel op hierdie sewe verskillende maniere gebruik, hoe beter sal jy die Woord van God geestelik verstaan. Hierdie is die beste manier om grip op die Bybel te kry!

C. PRAKTIES. SEWE PRAKTIESE MANIERE OM DIE BYBEL TE GEBRUIK

Tydens hierdie opleidingskursus gaan ons prakties leer om die Bybel te gebruik. Ons gaan leer om na die Bybel te luister, die Bybel te lees, die Bybel te bestudeer, Bybelverse te memoriseer, Bybelse waarhede te mediteer, Bybelse waarhede toe te pas en die Bybelse boodskap aan ander mense aan te gee. **Leer** die volgende sewe praktiese metodes.

1. Hoor die Bybel.

Leer om te luister en hoor hoe God Sêlf deur die Bybel met jou praat. Verwag dat God vir jou iets gaan sê!

2. Lees die Bybel elke dag.

(1) Lees deur die Bybel.

Gebruik een, twee of drie jaar om deur die hele Bybel te lees. Die Bybel het 1187 hoofstukke. Jy kan deur die Bybel lees in een jaar deur 3 hoofstukke elke dag te lees en op jou dag wat jy vry is 5 hoofstukke te lees. Gebruik 'n Bybelleesprogram (Sien Handleiding 1 supplement 2).

Lees die Nuwe Testamentiese gedeeltes in jou stiltetye (in die oggende). Lees een of beide Ou Testament gedeeltes in die aand voor jy gaan slaap.

Gebruik 'n sisteem om die Bybel te merk terwyl jy lees (Sien Handleiding 1, supplement 3).

Dit sal jou help om belangrike gedeeltes in die Bybel te vind en ook om sekere sake in die Bybel te kan bestudeer.

(2) Lees die Bybel vir jou familie.

Lees elke dag 'n gedeelte van die Bybel vir jou familie (bv. na die hoofmaaltyd van die dag). Voer 'n gesprek oor dit wat gelees is en bid saam daarvoor (Deuteronomium 6:4-9).

(3) Lees die Bybel vir ander mense.

Kyk uit vir geleenthede om die Bybel hardop vir nie-Christene asook Christene te lees (1 Timoteus 4:13).

3. Bestudeer die Bybel elke week.

(1) Vorm 'n Bybelstudiegroep of 'n dissipelskap groep.

Soek mense wat die Bybel saam in 'n kleingroep wil bestudeer. Elke lid van die groep moet die Bybelstudie voorberei voordat hy na die byeenkoms van die Bybelstudiegroep toe kom. As julle vergader, moet elkeen deelneem aan elke onderdeel van die Bybelstudie: hul ontdekkinge deel, hul vrae bespreek en saam toepassing uitdink. Dis die beste as julle eenmaal per week bymekaarkom vir Bybelstudie en gebed.

(2) Leer verskillende metodes om Bybelstudie te doen.

Daar is metodes wat jou kan help om 'n Bybelvers te bestudeer, of 'n paragraaf of perikoop, of 'n hoofstuk, of 'n Bybelkarakter, of 'n Bybelboek of 'n Bybeltema. In hierdie kursus sal jy 'n baie goeie metode leer, naamlik die *vyf stappe metode*, wat gebruik kan word om elke gedeelte van die Bybel te bestudeer (Sien Handleiding 1, supplement 4).

4. Memoriseer gereeld Bybelverse.

Mediteer oor en memoriseer gereeld nuwe Bybelverse. Hersien gereeld Bybelverse wat gememoriseer is. (Sien die handleiding 1, supplement 5).

5. Mediteer oor die waarhede van die Bybel.

Leer en oefen om te mediteer oor die waarhede van die Bybel. Dit neem meer tyd en dissipline om dit te doen. Christelike meditasie verskil baie van die meditasie wat by ander godsdienste aangetref word. By ander godsdienste is die persoon self die middelpunt van die meditasie. By die christelike geloof werk dit anders. God en sy woorde is altyd in die sentrum van jou meditasie. Christelike meditasie het 'n ander gerigtheid en dis altyd 'n *dialog* tussen jou en God. Christelike meditasie word veral gedoen in jou stiltetyd, gebed, memorisering en Bybelstudie. Die vier stappe van christelike meditasie is: dink oor die betekenis van die waarheid, bid oor die waarheid, bring die waarheid in verhouding met jou lewe en skryf jou belangrikste gedagtes op (Sien Handleiding 1, supplement 1, stap 4).

6. Pas die waarhede van die Bybel toe op jou lewe.

Pas die waarhede van die Bybel toe.

(1) Doel van toepassings.

God het die Bybel vir jou gegee *om jou lewe te verander*, nie net om jou kennis te vermeerder nie.

(2) Moontlike toepassings.

Dink na oor hoe die verskillende waarhede toegepas kan word op jou persoonlik lewe en die lewe in die wêreld van vandag. Enige spesifieke waarheid in die Bybel kan meer as een moontlike toepassing hê. Vra jouself af:

Is daar 'n waarheid wat geglo moet word?	Is daar 'n gesindheid of optrede wat moet verander?
Is daar 'n bevel wat gehoorsaam moet word?	Is daar 'n sonde wat vermy moet word?
Is daar 'n belofte wat toegeëien moet word?	Is daar 'n voorbeeld wat nagevolg moet word?
Is daar 'n wysheid wat toegepas moet word?	Is daar 'n goeie boodskap wat gedeel moet word?

(3) Persoonlike toepassing.

Vra God wat Hy wil hê dat *jy* moet *weet*, *glo*, *wees* of *doen*. Probeer realisties wees en maak 'n persoonlike toepassing wat *jy* tenminste vir 'n week kan beoefen. Skryf neer wat Hy wil hê dat *jy* moet toepas.

(4) Vooruitgang in jou toepassing.

Vra God elke dag in jou gebed om jou te help om jou persoonlike toepassing uit te voer. Deel elke week die vooruitgang wat *jy* maak in jou persoonlike toepassing met jou kleingroep of mentor.

7. Onderrig ander met die waarhede van die Bybel (gee dit aan andere deur).

Getuig deur vir iemand te vertel wat *jy* gelees, bestudeer of gememoriseer het uit die Bybel. Gee die waarhede van die Bybel deur aan ander deur die waarheid: te deel, te onderrig, te getuig, te preek of 'n ander met die waarheid te bemoedig, te vermaan of selfs te waarsku.

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIE] BID IN ANTWOORD OP DIE WOORD VAN GOD
---	------------------	---

Maak beurte in die groep om *met 'n kort gebed (van een of twee sinne) tot God te bid* in antwoord op wat *jy* vandag geleer het. Of, verdeel die groep in groepies van twee en drie persone en bid tot God in antwoord op wat *jy* vandag geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE KEER
---	--------------------------	-------------------------------------

(Groepleier. Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf).

- Toewyding.** Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor die sewe maniere om die Bybel te gebruik met iemand of 'n klein groepie mense.
- Persoonlike tyd met God.** Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk uit Matteus 18:21 – 21:46. Maak gebruik van gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
- Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (3) Efesiërs 2:1-22. Tema: Wie is ek? Maak gebruik van die vyf stappe metode. Maak aantekeninge.
- Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
- Hou jou notas op datum.** Hierdie keer oor aanbidding van God, stiltetye en die studie oor die sewe maniere om die Bybel te gebruik.